



Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika

PRIVAATHEIDSVERKLARING

Hierdie privaatheidsverklaring is geldig vanaf 1 Julie 2021

Doel van die privaatheidsverklaring

In hierdie privaatheidsverklaring word uiteengesit hoe die Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika ("die FONDS") u persoonlike inligting gebruik en beskerm ten einde te voldoen aan die vereistes van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 of "POPIA".

Versameling en gebruik van persoonlike inligting

Die hoofdoel van die FONDS is om voordele te bied aan lede wanneer hulle die FONDS verlaat, of by aftrede of om betalings aan begunstigdes te maak indien 'n lid sou sterf, soos uiteengesit in die geregistreerde reëls van die FONDS. Die persoonlike inligting wat ons vir lede versamel en verwerk, word meestal om hierdie rede gebruik. Die FONDS moet ook inligting versamel en verwerk om aan die wette van Suid-Afrika te voldoen.

Watter persoonlike inligting versamel ons?

U persoonlike inligting sal u naam, van, kontakbesonderhede, salarisinligting, inligting oor u begunstigdes (insluitend inligting oor kinders), demografiese inligting (soos ouderdom), finansiële inligting insluitend bankrekeningbesonderhede, belastinginligting, rekord van eise en in sommige gevalle u gesondheid- of mediese inligting en ongeskiktheidstatus insluit

Hoe ons u persoonlike inligting gebruik

U inligting word gebruik om byvoorbeeld aan u fondsvoordele te bied, u rekord op datum te hou, betalings te maak, u te kontak en te voldoen aan die wette van Suid-Afrika.

Bron en openbaarmaking van persoonlike inligting

Ons ontvang u persoonlike inligting direk van u werkgewer en verskaf dit aan ons aangestelde diensverskaffers (soos Sanlam en Alexander Forbes), sodat hulle die dienste kan lewer waarop ooreengekom is ingevolge formele ondertekende ooreenkomste.

Ingevolge ons formele ondertekende ooreenkomste, vereis ons dat alle diensverskaffers u persoonlike inligting op 'n gepaste en veilige manier moet hanteer en aan alle toepaslike wette moet voldoen.

Ons bevestig dat:

Die Fonds nie u persoonlike inligting sal of wil verkoop of u inligting aan enige derde party verskaf om dit vir hulle eie bemerkingsdoeleindes te gebruik nie.

Dit mag nodig wees dat ons u inligting moet verskaf om te voldoen aan die wette in Suid-Afrika of wanneer 'n hofbevel uitgereik word. Ons verskaf sulke inligting slegs indien daar 'n wettige rede daarvoor bestaan.

Beskerming en sekuriteit van persoonlike inligting

Ons neem die veiligheid van u inligting baie ernstig op en het redelike tegniese en operasionele maatreëls geïmplementeer om u inligting te beskerm teen verlies, misbruik, ongemagtigde toegang, openbaarmaking, verandering en vernietiging. Ons maak ook seker dat al ons diensverskaffers dit ook doen.

Akkuraatheid van persoonlike inligting

Ons neem sorg om u persoonlike inligting op datum te hou. Kontak die FONDS se Hoofbeampte of die Pensioenkantoor as u persoonlike inligting wil opdateer of bywerk:

Hoofbeampte: Ds Bossie Minnaar, bossie@kaapkerk.co.za

Pensioenkantoor: Mev Elodie van der Walt, pensioen@kaapkerk.co.za

Sien ook die FONDS se webwerf vir kontaknommers: <https://www.ppfkaapkerk.co.za/paia-popia/>

Bewaring van persoonlike inligting

Ons sal u persoonlike inligting bewaar vir die nodige tydperk om aan die geregistreerde reëls van die FONDS te voldoen en soos uiteengesit in hierdie privaatheidsverklaring. Dit mag nodig wees om van u persoonlike inligting buite hierdie tyd te bewaar vir historiese doeleindes of om aan wette te voldoen. U kan versoek dat die FONDS u persoonlike inligting verwyder. U versoek moet aan die Inligtingsbeampte gestuur word by bossie@kaapkerk.co.za met behulp van **Vorm 2** wat ingevolge POPIA vir hierdie proses uitgereik is. Let daarop dat daar wettige doeleindes kan wees wat ons verbied om u inligting te verwyder.

U kan Vorm 2 as 'n PDF of as 'n Microsoft Word dokument aflaai: [PDF](#) of [Word](#)

Internasionale oordrag van persoonlike inligting

Ons maak gebruik van diensverskaffers wat u inligting buite Suid-Afrika mag stoor of verwerk. Ons probeer om te verseker dat ons diensverskaffers slegs in lande werk met wette oor die beskerming van data (byvoorbeeld die Verenigde Koninkryk of lande binne die Europese Unie), of dat ons kontraktueel verplig word om u inligting te beskerm in terme van die beginsels uiteengesit in POPIA.

Internetkoekies en ander opsporingstechnologieë

Die FONDS het 'n webwerf: <https://www.ppfkaapkerk.co.za/>

Die FONDS se webwerf word slegs vir inligtingsdoeleindes gebruik. Ons gebruik geen internetkoekies of ander soortgelyke tegnologie nie (soos webbakens of *pixel tags*), tensy dit nodig is om ons webwerf te laat werk (dit staan bekend as noodsaaklike internetkoekies). Bemerkingskoekies en derdeparty-koekies is nie op ons webwerf ingesluit nie, en ons maak nie daarvan gebruik om u gedrag op te spoor of vir advertensiedoeleindes nie.